DAG 18

Leef met verwagting

Lees Romeine 4:16-25.

Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham nog gehoop en geglo, en so die vader van baie nasies geword volgens die belofte: "So sal jou nageslag wees" (v. 18).

Verwag vandag die bonatuurlike werking van God in jou lewe. Dan sal jy sien hoe jou lewe totaal verander.

Ons verwagtinge vir die toekoms kan soms heeltemal negatief en vol angs wees. Dan fokus ons gewoonlik op dit wat ons omstandighede vir ons sê. Ons moet leer om soos Abraham verby die sintuiglike op 'n nuwe verwagting te fokus.

Dit was net nie meer logies vir Abraham om te glo dat hy die vader van 'n groot nageslag sou word nie. Hy moes God daarvoor vertrou. Dit is presies wat die Here van ons verwag. Die Here wil 'n nuwe verwagting oor ons toekoms in ons wakker maak. As ons verwagting in lyn is met God se plan vir ons toekoms, sal Hy ons op die vlak van

ons verwagting ontmoet. Sy verwagting is nie gebou op menslike vermoëns nie. Hierdie verwagting is gebou op God se uitspraak oor ons lewe deur sy Woord. Hierdie verwagting skep 'n klimaat vir die bonatuurlike werking van die Here wat in ons lewe gemanifesteer word.

Ons moet God altyd in ons lewe in berekening bring. Dan sal ons besef hoe groot die God is wat ons dien en dan sal die moontlikhede vir ons lewe soveel groter word. Dan sal ons ons vertroue volledig stel in God se alvermoë vir ons lewe. Die Here se geskiedenis met sy volk sê vir ons dat dit moontlik is. Weet net verseker dat God bonatuurlik in jou lewe wil werk.

Here, laat my u alvermoë besef. Laat my deur die oë van die geloof na die lewe kyk.

Aantekeninge: